



RYNIENUUS



LAERSKOOOL RYNFIELD

UIT DIE HOOF SE KANTOOR: GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



Die eksamen is iets van die verlede en die einde van die kwartaal is in sig.

Die leerders en personeel sien uit na 'n welverdiende wintervakansie!



*Soos reeds gekommunikeer in die nuusbrieff sluit die skool steeds daagliks om 13:00 vir die res van die kwartaal. **Die leerders ontvang rapporte op Vrydag 26 Junie tussen 07:00 en 08:00 by hulle registerklasse. Let daarop dat daar geen skool is op die betrokke dag nie en die leerders kom haal slegs rapporte af. Daar is geen rapporte in die voorportaal beskikbaar nie, rapporte nie afgehaal sal na die vakansie aan leerders uitgedeel word. Skole heropen weer Dinsdag 21 Julie vir die derde kwartaal.***



RYNIENUUS



LAERSKOO RYNFIELD

Verlede week het ons die **landloopkaperjolle en kaskardag** afgehandel. Baie dankie aan Juf. Christelle van der Merwe wat die landloopkaperjolle georganiseer het asook Juf. Luvaine Schmidt en Reen  -Mari Luus wat aan die hoof van die kaskarre gestaan het. Die kaskarre is ons groot fondsinsameling vir die jaar en ons bedank al ons ouers wat ons so mooi met hierdie projek ondersteun het. Sonder u ondersteuning sou die fondsinsameling nie suksesvol gewees het nie. Die leerders het die dag vol pret en plesier ook onsettend geniet.



Die afgelope langnaweek het 2 van ons netbalspanne naamlik die O/12A en O/13A spanne aan die Gauteng uitspele oor 2 dae deelgeneem . Die O/12 span het 10de in Gauteng ge  indig terwyl die O/13 span 3de ge  indig het. Ons is baie trots op hierdie 2 spanne wat so puik presteer het. Die O/13 span neem aan die SA kampioenskappe na die vakansie in Middelburg deel. Dit is die eerste keer dat Laerskool Rynfield 'n netbalspan het wat deurgaen na die SA uitspele toe!!



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

VADERSDAG 2026

Gelukkige Vadersdag aan al ons Rynie-pappa's.
Ons hoop julle geniet die dag saam met julle geliefdes!

Gebed vir wonderlike pa's

Hemelse Vader, op hierdie Vadersdag staan ons in verwondering.

Ons bewonder die vaders wat U vir ons gee:

Pa's, oupa's, voogde en ooms

Ook onderwysers, afrigters, bure en mentors -

Elkeen uniek, vol omgee en vriendelikheid.

Ek dink dit is wonderlik dat hulle dien -

Deur te gee, te werk, te help, te lag en te leer.

U het hulle gemaak as deel van U wonderlike plan:

Hulle is tekens van U sorg en wysheid.

U werk deur hulle om wonderwerke te doen:

'n sagte woord op die regte tyd,

'n hand op 'n skouer,

'n belangstellende vraag,

'n high-five wat ondersteun,

En 'n gebed in stilte.

Here, seën elke pa-figuur vandag-

Maak hulle harte sterk, hulle geloof diep

En hulle liefde sag.

En vir diegene wat vandag hartseer is,

kwaad is of verlang -

Gee vir hulle u troos en nabyheid.

U is ons Vader in die hemel. U is altyd by ons.

U is wonderlik.

Amen.

www.dinkjeug.co.za





RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



NETBAL

U/13 GSN WINNERS BOTHO

1. WIERDAPARK
2. LYNNWOOD
3. RYNFIELD 🐾
4. MENLO
5. BRYANDALE
6. FAIRLAND
7. ELARDUSPARK
8. REDHILL
9. HENNOSPARK
10. V. RIEBEECKPARK
11. GARSFONTEIN
12. RANDHART
13. KENTON
14. KENMARE
15. DF MALHERBE
16. RISIVILLE

PLAY WITH HEART
LEAD WITH **BOTHO** ❤️

#GSSNETBALL ONE TEAM. ONE GOAL. ONE GSN.

U/12 GSN WINNERS BOTHO

1. LYNNWOOD
2. MENLOPARK
3. CONSTANTIA PARK
4. FONTAINEBLEAU
5. RANDHART
6. ORION
7. ROODEKRANS
8. ELARDUSPARK
9. WIERDAPARK
10. RYNFIELD 🐾
11. KRUISIG
12. RISIVILLE
13. VAN RIEBEECKPARK
14. VRYHEIDSMONUMENT
15. HENNOSPARK
16. HELDERKRUIN

TEAMWORK. RESPECT. UNITY.
WE ARE GSS!





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

VALKIE RUGBY

Ons O/7 seuns het hulle afsluiting by Fahrenheit gehad. Graag wil ons **Fahrenheit** bedank vir hulle gasvryheid en dat hulle al die leerders se kos en koeldrank geborg het.



GROEN SPAN



GEEL SPAN



BLOU SPAN



ROOI SPAN






RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



SKAAK



Ons oefen nie hierdie week of volgende week nie. Na die vakansie oefen ons weer.

Ons het 'n groot toernooi die **22ste Augustus in Pretoria.**

'n Span sal gekies word om Rynies te verteenwoordig.

Meer inligting volg later.



RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



KASKARDAG 2026

Kaskardag is verby en die kinders het dit behoorlik geniet! Baie dankie aan elke leerder, ouer en ondersteuner wat gehelp het om van die dag 'n groot sukses te maak.

Ons rig graag 'n laaste versoek aan alle ouers om asseblief die borgvorms so spoedig moontlik aan die skool terug te besorg. Indien 'n borgvorm verlore geraak het, moet 'n beëdigde verklaring (polisieverklaring) ingehandig word.

Neem asseblief kennis dat, indien geen borgvorm of beëdigde verklaring ingehandig word nie, die koste van die borgvorm R300 beloop, soos uiteengesit in die brief wat aan die begin van die Kaskardag-fondsinsameling uitgestuur is.

Ons vra u vriendelike samewerking in hierdie verband sodat ons die fondsinsameling administratief kan afhandel.

Baie dankie vir u ondersteuning en samewerking.



Baie geluk aan graad **3AB** en graad **4VG** wat in kwartaal 3 na die Johannesburg Dieretuin toe gaan gaan vir 'n dag. Hierdie twee klasse het die meeste geld ingesamel tydens die kaskar fondsinsameling.





RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

3DE KWARTAAL LEIERPROJEK

IN SAMEWERKING MET DIE GEREFORMEERDE KERK BENONI

LAERSKOOLO RYNFIELD



SAAM KAN ONS 'N VERSKIL MAAK

Gereformeerde Kerk Benoni het na
ons uitgereik. Hulle gaan in 2026 na

BOTSWANA

**6 - 10
AUGUSTUS**



NA DIE DORPE VAN:

- KGOMOKASITWA
- PITSANE

HULLE VRA VIR:



BALLE
EN HOOLAHOOOPS



INKLEURBOEKE



SKRYFBEHOEFTE
ARTS & CRAFTS



BREINAELDE / HEKELPENNE



**MUSSIES EN
SERPE**
KINDERS/GROOTMENSE



WOL



Ons voorsien nie net mussies nie, maar vra ook vir
wol en breinaelde en hekelpenne, ons leer die vroue
ook hoe om mussies en serpe te maak sodat hul dit
ruilhandel/ hul verkoop hul handeewerk.



Ons voorsien **200 BYBELS**
aan die gemeenskappe
sowel as om die skole en
onderwysers te ondersteun.



**DAAR IS ONGEVEER
1000 MENSE IN DIE
2 DORPE.**



**DAAR IS GEEN
LOPENDE WATER OF
ELEKRISITEIT IN DIE
DORPE NIE.**



**DIT IS DIE HELE
JAAR KOUD IN
DIE AREA.**

**STUUR ASSEBLIEF ALLE SKENKINGS NA DIE SKOOL
VOOR 31 JULIE**



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

PRESTASIE EN PRYSUITDELING

Ons leerders is tans besig om op verskeie Kulturele platforms deel te neem, en ons is só trots op hulle!

Ons versoek dat ouers asseblief 'n sakkie of lêer by die huis sal saamstel met **afskrifte van u kind se sertifikaat/uitslae**. Hou alles netjies bymekaar en volg die nuusbrieff gereeld. In kwartaal 3 sal ons vra dat alle uitslae asseblief na Juf. Coffey gestuur word vir die prysuitdeling. Wanneer alles op een slag ingestuur word en volledig bymekaar is, maak dit ons werk baie makliker en verhoed dit dat iets per ongeluk gemis word of 'n fout insluip. Baie dankie ouers, vir julle hulp en samewerking.



PRESTIGE REDENAARS TOERNOOI

Inskrywings het reeds gesluit, maar indien jy as ouer vergeet het om jou kind of span in te skryf, kontak asseblief vir Juf. Coffey. Ons sien uit na die heerlike dag vol talent op eie bodem. kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



KOOR

Alle sterkte aan ons kore die naweek met die volgende optredes:

19 Junie by Ridgewood College - slegs Seniorkoor. Die skakel is reeds uit op die Whatsapp groep vir kaartjies. Onthou asb. dat geen kaartjies by die deure te koop sal wees nie.

20 Junie Prestige Optrede by Midstream College is al 3 ons Kore betrokke. Die skakel is reeds gestuur vir kaartjie bespreking.

Sterkte aan al ons maats met hul deurlopende Kunswedstryd deelname. Ons is trots op julle.

Kultuurgroete,
Juf. Coffey



Stuur gerus enige navrae na
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

RGT
RYNIES GOT TALENT

**'BACK-UP' DANCERS
OUDISIES**

22 JUNIE 2026
in skooltyd

**SLEGS
Gr. 6 & 7
leerders!**

IN DIE SKOOLSAAL



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

RGT

RYNIES GOT TALENT

Help ons om talent te laat skitter!

Ons nooi individue, ouers en plaaslike besighede uit om hierdie opwindende geleentheid te ondersteun.

WAAROM BORG?

- ✓ Ondersteun jong Rynie-talent!
- ✓ Plaaslike besighede kan erkenning ontvang tydens die geleentheid en in kommunikasie waar toepaslik.

ENIGE BYDRAE HELP ONS OM:

- ✦ Pryse te voorsien
- ✦ Die klanktoerusting te befonds.
- ✦ Versierings en kostes van die geleentheid te ondersteun.
- ✦ 'n Onvergeetlike ervaring vir ons leerders te skep.

WAT KAN GEBORG WORD?

- 🎵 Kontantbydraes
- 🎵 Geskenkbewyse
- 🎵 Pryse vir weners
- 🎵 Koeldrank / verversings
- 🎵 Drukwerk en dekor
- 🎵 Enige ander donasies



RYNIENUUS



LAERSKOOI RYNFIELD

SNOEPIE SPYSKAART



Maandag, 22 Junie	2-minute noodles
Dinsdag, 23 Junie	Hoenderpops + chips
Woensdag, 24 Junie	Footlongs
Donderdag, 25 Junie	Toasted ham + kaas
Vrydag, 26 Junie	GEEN SNOEPIE - SKOOL SLUIT



NASKOOL



LAERSKOOLO RYNFIELD

VAKANSIEREËLINGS

- Die skool sluit volgende Vrydag, 26 Junie. Leerders gaan slegs hulle rapporte afhaal. Die naskool is dus oop vanaf 07:00-17:30.
- Gedurende die vakansie (29 Junie - 20 Julie) is die naskool oop vanaf 07:00 - 17:30.
- Ontbyt, middagete en 'n vrug + sap sal daaglik bedien word.
- Die naskoolsnoepie sal op 'n bepaalde tyd daaglik oop wees, stuur gerus 'n sakgeldjie.
- Dagbesoekers is welkom (slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Rynfield) teen R100-00/dag per kind.
- Leerders mag speelgoed, fietse, rolskaatse ens. saambring. (Geen tablette of fone nie ASSEBLIEF)

L.W. leerders aanvaar self verantwoordelikheid vir enige items wat hulle naskool toe bring.



FINANSIES

State is uitgestuur. Hou asseblief u rekening op datum.

NASKOOL SPYSKAART:

DATUM	ETE	15:30 - 16:00
Maandag, 22 Junie	Macaroni & kaas	Vrug & sap
Dinsdag, 23 Junie	"Slaptjips" rolletjies	Vrug & sap
Woensdag, 24 Junie	"Chicken-a-la-king" met rys en pampoenkoekies	Vrug & sap
Donderdag, 25 Junie	"Russian", kapokaartappels + groente	Vrug & sap
Vrydag, 26 Junie	Ontbyt en Hoenderburgers	Vrug & sap



TEN SLOTTE



LAERSKOOL RYNFIELD

Hou jou woorde
sag en soet
ingeval
jy dit moet sluk

Lied Wel



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES

LAERSKOOI RYNFIELD





BLOCKBOTS

ACADEMY

Play, Build, Discover, Innovate

ROBOTICS HOLIDAY PROGRAM

BUILD. CODE. CREATE. HAVE FUN!

A hands-on adventure in robotics
for curious minds!



BUILD
Awesome Robots



CODE
Make Robots Move



DISCOVER
New Possibilities

**FOR KIDS
AGES
4 - 14**

- ✓ **HANDS-ON LEARNING**
Real robots. Real skills.
- ✓ **DEVELOP IMPORTANT SKILLS**
Problem solving, creativity, teamwork & more.
- ✓ **FUN & ENGAGING**
Learn by doing in a fun, supportive environment.
- ✓ **NO EXPERIENCE NEEDED**
Just bring your curiosity!

**TURN IDEAS
INTO REAL ROBOTS!**





**Come to a robotics class
during the School holiday!**

RESERVE YOUR SPOT!

For more information contact **0689016387**



ADVERTENSIES

LAERSKOOLO RYNFIELD



SAME DAY DELIVERY*

YOUR GARDEN, **DELIVERED TODAY!**



SAME DAY DELIVERY*

Fast, reliable & convenient



WIDE RANGE

Plants, soil, tools & more



SHOP ONLINE

Easy, secure & quick



FROM

R59



WWW.KAZIMINGI.CO.ZA

DELIVERIES IN EAST RAND

*Ts & Cs apply. Orders placed before 12pm. Delivery subject to stock availability and location.

